


Towerlantern Fotografie
fotografienuus
julie 2020



Winterkleure
Lensopening f16; Sluiterspoed 1/30 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Moenie dink die winter is net strak en vaal nie! Toegegee, na die onlangse erge koue en ryp is daar nie veel meer oor in tuine om inspirerend te wees nie. Tog, soek rond of skep jou eie kleure. Die voorbladfoto wys een tegniek om kleure op te tower. Soos verlede maand genoem, moet net nooit sê, "ek weet nie wat om af te neem nie".

Ons hoop dus dat daar in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* ook iets is om jou op te beur, fotografies gesproke.

Die rubriek, *Riglyne vir...*, word al vir meer as twee jaar maandeliks in *Towerlantern* bedryf. Die bedoeling is om met elke uitgawe iets uitdagends te stel en aanwysings te gee hoe om dit te doen.

As hulp gee ons verderaan 'n indeks van al die temas.

Geniet hierdie winter-uitgawe. Laat die inhoud jou vlerke gee – maar vlieg ook daarmee! Beleef daarmee saam die winter en geniet dit.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbriëf? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Dis duidelik dat die voorbladfoto 'n CD toon met die speelkant na bo. Verder is dit duidelik dat daar 'n lig op die CD val; in hierdie geval die son.

Die ligverskynsel wat hier ter sprake is en wat die mooi kleurpatrone gee, staan bekend as ligbreking (ook genoem refraksie, Engels: *refraction*). As die CD andersom sou lê, of as dit 'n plat spieël was, sou dit nie gebeur nie. Die ligverskynsel wat dan weer ter sprake kom, is ligweerkaatsing (ook genoem refleksie, Engels: *reflection*). Ons gesels in 'n verdere artikel oor hierdie twee ligverskynsels.

Wat die kamera-instellings van die voorbladfoto betref, dié word by die foto gegee en daar is niks ongewoon daaraan nie. Wat wel 'n groter en belangriker saak is, is om die oplyning korrek te kry sodat die bepaalde kleure verkry word. 'n Driepoot is dus 'n voorvereiste.

Eksperimenteer self en jy sal verstom wees om te sien watter mooi kleure jy kan "optower". Soek na ander items in jou huis wat ook sulke kleure gee – krap daarvoor selfs in jou laaie rond.

Saamgevat: Hier is nou 'n besondere geleentheid om kreatief te wees – benut dit terwyl die winterson tans so wonderlik in ons huise inskyn.

Refleksie & REFRAKSIE

Soos genoem is daar twee aspekte van lig wat vir ons doel as fotografe belangrik is, naamlik ligweerkaatsing (ligrefleksie) en ligbreking (ligrefraksie). Die volgende voorbeelde sal die saak ophelder:

LIGWEERKAATSING

- ✓ Sonlig op water (in 'n dam of die see) vir 'n mooi skemer-toneel.
- ✓ Jou beeld in 'n plat of geboë spieël.
- ✓ Weerkaatsings van strukture of plante in water (met 'n gladde of gerimpelde oppervlak).
- ✓ Die lig vanaf die maan vir maanskyf-foto's.

LIGBREKING:

- ✓ Sonlig teen reëndruppels om 'n reënboog te vorm.
- ✓ Sonlig deur 'n vergrootglas om jou hand te brand.
- ✓ Lig deur 'n kamera se lensstelsel om 'n beeld te gee.
- ✓ 'n Stok of blomsteel wat in water staan en lyk asof dit geknak is.

Die vakgebied waarin hierdie aspekte van lig bestudeer word, staan bekend as geometriese optika. Vir hierdie studie word uitgegaan van twee weerkaatsingswette en twee ligbrekingswette. Soos jy sou kon vermoed (dink maar net aan jou kamera se lensstelsels) is daar ook heelwat wiskunde agter die saak. Gelukkig hoef ons nie nou daaraan aandag te gee nie.

Ons het in 'n vorige uitgawe van *Fotografienuus* (Mei 2018) gesels oor verskillende tegnieke om interessante weerkaatsingsfoto's te kry. Om mooi ligbrekingsfoto's te kry, kan jy wag totdat daar weer 'n reënboog is. Of, soos reeds gesê, soek in jou huis na glasware of selfs jou selfoon se voorkant, soos in die foto bo.

[https://en.wikipedia.org/wiki/Reflection_\(physics\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Reflection_(physics))
<https://en.wikipedia.org/wiki/Refraction>



RIGLYNE

VIR LIGBREKINGS- FOTO'S

Aanvaar dat jy 'n ligbrekings-item het om te fotografeer. Dit kan op 'n CD wees soos by die voorbladfoto of 'n geslypte glas of kristal of diamant (natuurlik, anders was jy in die tronk!) wees. Soek vir kleure soos in 'n reënboog. Dit moet dus nie 'n weerkaatsing wees nie. Neem verder aan die toneel is opgestel en die kamera is op 'n driepoot. Volg hierdie voorskrifte:

Tipe lens en zoemstelling: Enige lens kan gebruik word, maar verkieslik 'n makrolens; gebruik andersins die makro-instelling van 'n lens.

Portret- of landskapformaat: Dit is nie hier 'n faktor nie.

ISO: Kies steeds 'n lae ISO-waarde.

Witbalans: Speel rond met die witbalans. Eksperimenteer ook met die eksterne beligting, dus natuurlike lig of kunsmatige lig.

Keuse van fokuspunt: Dit sal een of ander punt of omgewing by die reënboogkleure wees.

Lensopening: Dis redelik om't ewe wat dié stelling is.

Sluiterspoed: Gebruik die liniaal vir die korrekte beligting – maar eksperimenteer ook.

Fyn fokussering: Soms wys daar beter kleure as die kamera effens uit fokus as in fokus is. Ander kere moet dit weer skerp gefokus wees – eksperimenteer self.



WENK

Dit mag wees dat jy 'n beeld met jou oë sien, maar nie met die kamera nie. Daar is minstens twee sake om dan te kontroleer:

- As jy 'n sirkelvormige polariseringsfilter gebruik, moet jy dit draai totdat jy die beeld vind.
- Moenie outomaties fokus nie en soek met die fokusing die beeld.

JUKSTAPONERING

Soms gebruik ons die term *jukstaponering* in klasaanbiedings en dan skrik mense hulle asvaal. Dus, kom ons gesels daaroor – dit is regtig niks erg nie.

Die woord *jukstaponering* is opgebou uit twee Latynse woorde naamlik *iuxta* (Afrikaans: *langs mekaar*) en *ponere* (Afrikaans: *om te plaas*). Dus,

jukstaponering = langs-mekaar-plasing.

So eenvoudig. Maar wat bedoel dit in die praktyk? Dit beteken dat jy twee items in 'n foto langs mekaar plaas sodat dit besonders is. Die volgende voorbeelde behoort te help:

SNAAKS 'n groot oom langs 'n baie klein klein omie

WAARSKUWEND 'n padbord wat waarsku "vallende klippe" met reusagtige rotsgebergtes in die agtergrond (naby Montagu)

IRONIES 'n advertensiebord wat "modular homes" adverteer langs 'n informele woonbuurt met sinkkajas (naby Centurion)


LAGWEKKEND 'n pdaanwysingsbord wat wys na die gehuggie Vermaaklikheid, Wes-Kaap, terwyl, onbedoeld, dit ook wys na 'n nabygeleë begraafplaas (naby Riversdale)

KONTRAS (baie moontlikhede): verskillende tipes lyne / teksture langs mekaar (soos in die nie-opgestelde vuurpylfoto hierby).



RIGLYNE

VIR... uit *Fotografienuus*

Soos genoem in ons inleidingsartikel gee ons hier 'n indeks van *Riglyne vir...* wat in vorige uitgawes van *Fotografienuus* (FN) bespreek is. Elkeen van die uitgawes is te kry by <http://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html> 

Tema	Verwysing	Tema	Verwysing
Abstrakte fotografie	FN 2020_02	Maanfotografie	FN 2020_04
Abstraktekleur-fotografie	FN 2020_03	Maanverligte landskappe	FN 2018_02
Argitektuurfotografie	FN 2019_03	Mensfotografie	FN 2020_08
Blomfotografie	FN 2018_09	Nabyfotografie	FN 2019_06
Dierfotografie	FN 2019_12	Onwerklike foto's	FN 2019_10
Fotografering van lig	FN 2018_12	Skemerfoto's	FN 2019_05
Gevoel in foto's	FN 2019_07	Speel met lig	FN 2018_11
Impressionistiese fotografie	FN 2019_09	Sonsondergang en -opkomste	FN 2018_03
Herfsfotografie	FN 2018_06	Stillewefotografie met betowering	FN 2018_01
Hoë dinamiese reikwydte fotografie	FN 2018_08	Toweragtige agtergronde in foto's	FN 2018_07
Kosfotografie	FN 2020_05	Veranderde werklikheid	FN 2019_01
Kreatiewe foto's	FN 2020_06	Vlak velddiepte	FN 2018_04
Landskapfotografie	FN 2019_02	Vorbereiding vir Photomatix	FN 2019_08
Ligbrekingsfotografie	FN 2020_07	Weerkaatsingsfoto's	FN 2018_05
Ligfotografering	FN 2019_11	Zoemsarsies	FN 2018_10
Luim fotografie	FN 2019_04		

In 'n onlangse inligtingstuk aan die studente van ons spesialiskursus het ons riglyne gegee hoe jy jou eie en ander fotografe se foto's kan / moet waardeer. Anders gesê: Hoe weet jy 'n foto is "reg" of "goed"? Ons gee graag die bespreking hier ook.

Hou vooraf die volgende in gedagte:

- ✓ Fotografie is 'n kunsvorm.
- ✓ Fotobeoordeling hang saam met die openbare "smaak".
- ✓ Fotografie het baie verskillende sub-genres.

Laat die volgende sake, by wyse van vræ, jou help:

FOKUS (skerpte) Is minstens die hoofonderwerp van die foto skerp in fokus? Is die regte punte van die onderwerp in fokus?

BEDOELING Is die bedoeling van die foto duidelik? Is dit duidelik wat die hoofonderwerp(e) in die foto is?

KOMPOSISIE Is die hoofonderwerp by 'n trefpunt? Is daar gedeeltes van die foto wat nie bydra tot die visuele effek van die foto nie? Is die foto te oorvol / besig of spreek dit van eenvoud?

BELIGTING (Engels: *lighting* en *exposure*) Is beide beligtingsvorme goed gedoen? Ondersteun dit die komposisie? Skep dit sodoende die verlangde foto-effek? Is daar gedeeltes van die foto wat oorbelig is?

KLEUR Is daar botsende kleure in die foto of vul die kleure mekaar aan? Is die gebruik van kleure te oorweldigend of andersins oninspirerend? Lok die kleure jou om weer te kyk?

TREKFRAG Is die foto treffend / spesiaal? Is daar kreatiwiteit in die foto? Is daar iets in die foto wat spreek van wye denke?

EMOSIE EN LUIM Hoe laat hierdie foto jou voel? Wek die foto 'n bepaalde emosie of luim by jou op?

Riglyne

vir waardering /
evaluering van
foto's

Hierdie is 'n samevatting; lees die volledige teks by
[http://www.woodburnphoto.co.za/About/
Whatmakesagoodphoto/tabid/9177/Default.aspx](http://www.woodburnphoto.co.za/About/Whatmakesagoodphoto/tabid/9177/Default.aspx)



Towerlantern Fotografie
- julie 2020 -



Wonder, Karibbiese See, 2019

NUUS VANAF TOWERLANTERN: ONS JAARLIKSE FOTO-UITSTALLING

Dit kan nou met sekerheid gesê word dat ons jaarlikse plaaslike foto-uitstalling nie hierdie jaar op dieselfde manier sal plaasvind as vorige jare nie. Ons bring dus die volgende onder elkeen se aandag – en soos ons hierdie jaar weer geleer het, met DV daarby.

Laat die foto hierboven 'n 2019-uitstaller, Charne Strauss, jou sommer nou al daartoe inspireer.

Saak: Foto-uitstalling (aanlyn)

Uitstalwyse: Sal later gefinaliseer word

Datum: September 2020

Plek: Aanlyn

Uitstallers: Enige fotograaf wat al van ons fotografiekursusse begin doen of afgehandel het.

Foto-onderwerp: Alle genres.

Keuring: Stuur 5 foto's in waarvan 3 gekies sal word vir uitstal. Elke persoon

wat foto's inskryf se 3 foto's sal uitgestal word.


Onkoste: R100, eenmalig; dit sal ook waardeer word as elke uitstaller ten minste 10 gaste na die uitstalling toe sal nooi.

Keerderdatum: 15 Augustus 2020.

Oproep: Begin solank om jou uitstalfoto's agtermekaar te kry. Gaan jou foto's deur, soek uit, stoor dit en wees reg as daar 'n oproep vir instuur van foto's kom.

Towerlantern Fotografie
- Julie 2020 -

KILO-, MEGA-, GIGA-, TERA-, PETA-, EKSA-



Jy mag wonder wat hierdie snaakse woorde beteken. In die eerste plek, dit is nie woorde nie, maar voorvoëgels by woorde. Dit gee orde-groottes van begrippe soos afstande, oppervlaktes, volumes, ensovoorts. Ons gee twee voorbeelde om te wys wat die getalle-verband tussen hierdie voorvoëgels is:

Term	Afstand	Baie benaderde voorbeeld
Basiese eenheid	1 meter	Een groot tree
Duisend meter	1 kilometer	My huis na naaste winkel
Duisend kilometer	1 megameter	Potchefstroom na Port Elizabeth
Duisend megameter	1 gigameter	3 keer afstand aarde na maan
Duisend gigameter	1 terameter	6 keer afstand aarde na son
Duisend terameter	1 petameter	6 duisend keer afstand aarde na son
Duisend petameter	1 eksameter	6 miljoen keer afstand aarde na son

◀ Voorbeeld 1:
Fisiese afstande
(met basiese eenheid 1 meter):

▼ Voorbeeld 2:
Elektroniese stoorruimte
(met basiese eenheid 1 greep, Engels: byte):



Term	Stoorruimte	Baie benaderde voorbeeld
Basiese eenheid	1 greep	Sinclair '81 1980-skootrekenaar
Duisend greep	1 kilogreep	Floppy, 1980's+
Duisend kilogreep	1 megagreep ("meg")	Vroeëre kamera-geheueskyfie (MG)
Duisend megagreep	1 gigagreep ("gig")	Latere kamera-geheueskyfie (GG)
Duisend gigagreep	1 teragreep ("tera")	1 eksterne geheue (skootrekenaar) (TG)
Duisend teragreep	1 petagreep ("peta"?)	1 000 eksterne geheues
Duisend petagreep	1 eksagreep ("eks"?)	1 000 000 eksterne geheues

Grepe & PIXELS

Op versoek gesels ons oor grepe (Engels: *bytes*) en pixels. Ons sal probeer om nie te tegnies te raak nie; daarom word hierdie aanbieding puntsgewys gedoen, van makliker na moeiliker. Lees dus sover as wat jy kan bybly en spring dan oor na die volgende bladsy.

- ✓ **GREEP** 'n *Greep* is die basiese eenheid van inligting in 'n rekenaar. Ons kan dit ook vertolk as elektroniese "stoorruimte" of "pakplek". Dit geld dus vir die "ruimte" waar daar byvoorbeeld foto's op 'n kameraskyfie of rekenaar gestoor word. Dus: Hoe meer grepe beskikbaar, hoe meer stoorplek het jy.
- ✓ Beskou 'n geheue, byvoorbeeld 'n hardeskyf, asof dit 'n groot geteelde vloer in 'n stoor is. Aanvaar elke teël stel 'n greep voor.
- ✓ **PIXEL** 'n *Pixel* is die basiese eenheid van elektroniese inligting op 'n skerm, byvoorbeeld dié van 'n rekenaarskerm. Neem 'n infokus makrofoto van 'n skerm en vergroot dit. Bekyk dit van naby en merk op dat die foto opgebou is uit duisende ligkolletjies wat saam die verskillende kleure gee. Beskou hierdie ligkolletjies as "prent-elemente" (Engels: *picture elements*). Kort hierdie Engelse woord af na *pic+el+s* en jy het picels, of dan pixels.
- ✓ Hoe meer inligting (pixels) daar in 'n foto is, hoe meer spasie gaan dit dus opneem in die stoor (geheue). Beskou dit asof elke pixel 'n boks voorstel wat jy op jou stoor se geteelde vloer wil pak. Hoe meer bokse jy in die stoor pak, hoe digter / voller word dit; hoe minder bokse, hoe yler / leer word dit.

**DIE WOORD "PIXELS"
IS 'N SAMESTELLING
VAN DIE WOORDE
"PICTURE ELEMENTS"**

- ✓ Dit is nie absoluut waar om te sê dat 1 MB gelyk is aan 1000 KB nie. Wat wel waar is, is dat 1 MB = 1024 KB. Die rede vir hierdie verskil is dat alle inligting op 'n rekenaar gestoor word in terme van getalle; in die besonder net nulle en ene. Hierdie getalstelsel staan bekend as 'n binêre getalstelsel. Waar ons in ons daaglikse (desimale) getalstelsel die basis

1, 10, 100, **1000**, ...

gebruik, word daar in 'n binêre getalstelsel gebruik gemaak van die basis

1, 2, 4, 8, 16, 32, 64, 128, 256, 512, **1024**, ...

By rekenaars werk ons dus met 1024 maar "benader" dit as 1000 om die desimale patroon te behou.

BELANGRIKHEID VAN FOTOTITELS

- Josef Steyn

'n Tyd gelede was daar in *Fotografienuus* 'n artikel oor die manier om 'n foto te benoem. Ek het onlangs 'n foto geneem en ook verwerk wat, na my mening, goed illustreer hoe 'n titel die hele aard van 'n foto kan verander. Hierby die twee foto's.



◀ Op die aanval

As dié foto beoordeel sou word as 'n voël in vlug, het dit tekortkomings. Die foto is baie besig en die voorgrond doen baie afbreuk aan die gehalte. As die titel "Op die aanval" gebruik word, verander alles. Die spreeu is nou 'n vegter wat in 'n oorlogsituasie op pad is om 'n aanval op die vyand te loods en hy is doelgerig en met mening op pad. Daar is baie gevare en struikelblokke in die pad maar hy is vasbeslote om sy aanval suksesvol uit te voer. Die titel ondersteun dus nou die foto en lei die kyker in die waardering / beoordeling van die foto.

▶ Spreeu in vlug

Met hierdie titel slaag die tweede foto want al die steurende elemente wat by die eerste foto teenwoordig is, is verwyder en die voël trek al die aandag. As hierdie foto egter die titel "Op die Aanval" sou kry, val dit plat want daar is dan geen verband tussen die foto en die titel nie.



OP INTERNET GESIEN



Volg TC Maila by
<https://www.facebook.com/seewatisaw>
https://www.instagram.com/tc_maila/

Deur 'n fotograaf se oë kan die wêreld oopgemaak word. Vandag reis ons daarvoor na Lesotho toe.
TC Maila is 'n reisfotograaf wat in geMaila in Limpopo gebore is. Sy groot liefde is om die plattelandse omgewing vas te vang en 'n storie met sy foto's te vertel. Hy sê die volgende oor hierdie foto:
"Some hold the believe....there is nothing to see in villages. See what I saw."

Towerlantern Fotografie
- julie 2020 -

Loodglasvenster

Laaste idee

Vir oulaas, nog 'n foto-idee: semi-abstrak . . .

Towerlantern Fotografie
- julie 2020 -

Voëls in vlug oor bosse

Laaste idee
... tot abstrak.

Towerlantern Fotografie
- julie 2020 -